

BOERDERY VEREIS DUIDELIKE DOELWITTE

Boerdery is lankal nie net meer 'n leefwyse nie. Dis 'n sakeonderneming wat met duidelike doelwitte en sakebeginsels gerugsteun moet word. Dit beteken egter nie jy moet jou afsloof om winsgewend te boer nie – jy moet dit net slim doen, sê mnr. Richard Morgan, Oos-Kaapse Jongboer van die Jaar.

Dit is die dag ná die afloop van Agri Oos-Kaap se jaarkongres op Jeffreysbaai waar mnr. Richard Morgan (35) as die Oos-Kaapse finalis in die Toyota Jongboer van die Jaar-kompetisie aangewys is. Dis op dié dag dat Landbouweekblad op sy plaas, Glendenning, stilhou.

Hoewel hy reeds drie dae van die plaas weg is en sy bestuurders hom kort-kort op sy tweerigtingradio soek, is hy die rustigheid self. Een van die kenmerke wat sy vrou, Kate (30), ook besing. “Richard is soos 'n akkerboom met diep wortels. Jy skud hom nie maklik nie. 'n Man met integriteit, lojaal en altyd betroubaar,”

Kate is 'n arbeidsterapeut. Sy het hom ontmoet toe sy saam met Morgan se niggie op die plaas kom kuier het. Hulle is in 2007 getroud en het 'n seun, Joshua (3), en 'n identiese drieling, Juliana, Elizabeth en Isabella (13 maande.)

Morgan is van Walliese herkoms en is reeds die vyfde geslag wat op die plaas in die Mankazana-vallei by Adelaide boer. Ná matriek aan die Hoër Landbouskool Winterberg by Fort Beaufort het hy vir ses maande by 'n KI-stasie op Queenstown praktiese ervaring opgedoen voordat hy aan die Landboukollege Cedara gaan studeer het. In sy finale jaar het hy in veekunde gespesialiseer. Daarna is hy na Australië, waar hy by die Haddon Rig-Merinstoetery in Nieu-Suid-Wallis gewerk het. In Nieu-Seeland het hy hom as professionele skaapskeerder bekwaam voordat hy met die eeuwisseling heeltyds kom boer het.

Omdat hy die enigste seun is, het hy nooit daaraan getwyfel dat hy eendag in die voetspore van sy pa, Robbie, oom David en oupa Glynne, wat destyds saamgeboer het, gaan volg nie. “Hulle het almal gehelp om die plaas op te bou en het 'n stewige fondament gelê wat betref infrastruktuur, arbeidsverhoudinge en die gehalte van vee. Dit was 'n voorreg om drie geslagte saam op die plaas te wees. Ook my oupa, aan moederskant, mnr. Vernon Arnold, 'n veeboer, was een van my rolmodelle. Omdat albei oupas in die Tweede Wêreldoorlog geveg het, het ek my as kind verkneukel in hul staaltjies en oorlogwed ervarings.”

Vandag bestuur Morgan die vennootskap Meyer-Morgan-boerdery. Die twee families aan wie dit behoort, het gelyke aandeelhouding in die werkende kapitaal, vee en toerusting. Op die 6 000 hektaar bergveld en 75 hektaar besproeibare weiding, waarvan 10 hektaar onder lusern vir hooiproduksie is, boer hulle met 500 Brangus-koeie, 3 000 Dohne-Merino-ooie en 300 SA Boerbok-ooie.

Mnr. Adrian Meyer (50), die een vennoot wat 'n geoktrooieerde rekenmeester is, woon in Barbados waar hy reeds vir 20 jaar 'n beleggingsbankier is. Hy en Morgan kontak mekaar weekliks. “Die skaalekonomie het dit sinvol gemaak om die vennootskap te vorm met Meyer, wat ook die vyfde geslag op die buurplaas Linton is,” sê Morgan.

Morgan is verantwoordelik vir die daaglikse besluitneming, beplanning, die byhou van data en die funksionering van die boerdery. Die oorhoofse beplanning en besluite word saam met Meyer gedoen, wat op sy beurt die finansiële beplanning en evaluasie van die onderneming doen.

“Die kennis wat elkeen van ons in ons onderskeie velde het, verseker sinergisme. Maar dit is veral die vertrouensverhouding wat daar tussen ons bestaan wat die ratte van die boerdery geolie hou.”

'n Veld- en bosontleding is deur die weidingkundiges dr. Wayne Vos en prof. Winston Trollip gedoen. Ná hul verslag oor hoe die veld se samestelling en drakrag op lang termyn verbeter kan word, is daar op hul aanbeveling besluit om Boerbokke as nog 'n bedryfsvertakking in te skakel. Die 300 Boer-bokke help om bosindringing te bekamp en die maksimum produktiwiteit uit bestaande hulpbronne te verkry. Veldverbetering en optimum produksie is een van die

kerndoelwitte, asook om vrektes onder die vee tot die minimum te beperk.

Aangesien roofdiere volop is, het Morgan 'n jaghondklub gestig en help hy ook sy bure met die bestryding van roofdiere. Die honde is met GPS-krae toegerus en hulle jag uitsluitlik jakkalse en rooikatte. Opgeleide jagters vergesel altyd die honde. Verskeie bestrydingsmetodes, met die uitsluiting van die stel van slagysters, word toegepas.

Morgan benadruk dat die doel nie is om alle roofdiere voor die voet uit roei nie, maar bloot om boere se verliese te beperk. “As ons nie 'n jagklub gehad het nie, sou min boere hier nog met kleinvee kon boer. Lede van die klub se bydrae word volgens hul plaasgrootte bereken.”